



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**.

Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Kommunikatiewe Taal (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. **ALLE** vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees die volgende koerantartikel deur en beantwoord daarna die vrae wat daarop volg.

LEUENS OM BY DIE HUIS TE KAN BLY

- 1 Washington. – Skoonma's, buffels, geboortepyne (by 'n pa) en 'n hikaanval is onder die lys van die 15 swakste verskonings wat werkers in die VSA kon uitdink om van die werk af weg te bly.
- 2 Eerste op die lys wat deur <CareerBuilder.com> opgestel is van werkers met ipekonders, is 'n man wat geglo het sy skoonma probeer hom vergiftig. Hy kon nie gaan werk nie.
- 3 Nog een waaraan 'n werkgewer swaar gesluk het, is die man wat beweer het hy het al die geboortepyne deurgemaak wat sy verwagte vrou ondervind het. Hy het darem self gebel.
- 4 'n Ander man se vrou het die oproep namens hom gemaak met die nuus dat hy te veel takies in en om die huis het om af te handel. Eers dán sal hy sy pak klere kan aantrek om by die werk uit te kom.
- 5 Dis nie net mans wat flou verskonings opdis nie!
- 6 'n Vrou se verskoning was dat 'n buffel uit 'n reservaat ontsnap het en dreig om haar aan te val as sy uit haar huis na die motor toe wil stap om werk toe te ry.
- 7 'n Ander verskoning wat nie baie geloofwaardig klink nie, is die werker wat met sy selfoon uit 'n openbare toilet gebel het. Hy kon nie die deur oopkry nie en daar was niemand wat hom hoor skreeu het nie.
- 8 Nog 'n stinkstorie is die polisieman wat beweer het dat 'n muishond gedurende die nag in sy huis beland het en dat al sy uniforms nou sleg ruik.
- 9 Dan is daar stories wat net té dik vir 'n daalder is. Een werker het so 'n erge hikaanval gehad dat hy maar tuis moes bly. 'n Ander een het gekla dat sy rug uitgehaak het toe hy hard genies het.
- 10 Daar was wel werklike pyn betrokke by party van die gevalle. Vyfde op die lys is die man wat gesê het hy het met 'n sneeubord van sy huis se dak af gegly en sy been gebreek. En o ja, hy was dronk.
- 11 No. 13 se rede is die kortste, maar dalk die seerste. Dis net dit: Getref deur 'n bus terwyl ek geloop het. No. 15 sê net: Werker was hartseer.
- 12 Mnr. Richard Castellini van <CareerBuilder.com> sê die meeste werkers wat van die werk af wegbly (24%) se rede is eenvoudig dat hulle verlore slaap wil inhaal.

[Verwerk uit *Beeld*, 13 Mei 2007]

- 1.1 Die lys van die 15 swakste verskonings wat werkers in die VSA kon uitdink om van die werk af weg te bly, verskyn op <CareerBuilder.com> se webtuiste.
- 1.1.1 Watter **les** behoort **werkers** uit hierdie lys van verskonings te leer? (1)
- 1.1.2 Jy is 'n **werkgewer**. Watter verskoning sal vir jou die **moeilikste** wees om te glo? Motiveer waarom jy so sê. (1)
- 1.2 *Beeld* het hierdie lys van verskonings in hul dagblad gepubliseer. Waarom, dink jy, het hulle dit gedoen? Kies jou antwoord uit die volgende moontlikhede en skryf net die letter en antwoord neer:
- A Om werkers te help met idees vir goeie verskonings.
B Om te wys hoe slim die Amerikaners is.
C Om lesers te vermaak en lekker te laat lag.
D Om lesers wat probleme by die werk het, te help. (1)
- 1.3 Wat beteken die woord **ipekonders** in paragraaf 2? Verduidelik in jou eie sin. (1)
- 1.4 "Nog een waaraan 'n werkgewer swaar gesluk het ..." (paragraaf 3).
- 1.4.1 Wat impliseer die woorde **swaar gesluk** oor hoe die werkgewer gevoel het? (1)
- 1.4.2 Watter uitdrukking in paragraaf 9 beteken ongeveer dieselfde as "swaar gesluk"?. (1)
- 1.5 Die man in paragraaf 4 is moontlik 'n **kantoorwerker**. Haal die woorde aan wat dit impliseer. (1)
- 1.6 Verduidelik waarom die skrywer die man in paragraaf 7 se verskoning **nie maklik sal glo nie**. (1)
- 1.7 Verduidelik (a) die letterlike en (b) die figuurlike betekenis van die **stinkstorie** in paragraaf 8. (2)

[10]


VRAAG 2

Lees die onderstaande teks sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae daarvoor.

15 INTERESSANTE LIGGAAMSFEITE

Die menslike liggaam is 'n ongelooflike masjien – terselfdertyd broos en sterk. Hier is 'n paar verstommende feite oor wat alles in jou lyf aangaan.

- Die gluteus maximus (boudspier) is die grootste spier in die liggaam.
- Die stapediusspier in die middeloor is die kleinste spier in die liggaam.
- Die sterkste spiere is weerskante van die mond geleë.
- Altesaam 45 persent van die deursnee-mens se liggaamsgewig is spiere.
- Hare groei gemiddeld 6 mm per maand en dit groei soggens vinniger as enige ander tyd van die dag.
- Daar is ongeveer 'n miljoen hare op die deursnee-mens se kop.
- Die oogspier is die spier in die liggaam wat die vinnigste reageer – dit trek in minder as 'n duisendste van 'n sekonde saam.
- 'n Oogwink duur gewoonlik 'n tiende van 'n sekonde.
- Die tongbeen, wat jou tong en sy spiere ondersteun, is die enigste been wat nie aan 'n ander been vas is nie.
- Die menslike liggaam het piepklein beentjies wat eens vir 'n stert bedoel was en spiere wat nie meer werk nie, maar eens bedoel was om die ore te laat beweeg.
- Daar is 320 000 km bloedvate wat bloed na elke deel van 'n volwassene se liggaam vervoer.
- Haarvate, die kleinste bloedvate, is vyftig keer dunner as menslike hare.
- Dit is onmoontlik om jou oë oop te hou terwyl jy nies.
- Die soutsuur in jou maag is so sterk dat dit deur die metaalbakwerk van 'n motor sou kon vreet.
- Jou hart klop sowat honderd-duisend keer per dag.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 29 Maart 2007]

- 2.1 Lees die donker-gedrukte paragraaf aan die begin van hierdie artikel. Watter kontrasterende feit oor die liggaam word hier genoem? (1)
- 2.2 Verduidelik in jou eie woorde wat met **die deursnee-mens** by punt 4 en 6 bedoel word. (1)
- 2.3 Sê in watter deel van die liggaam die volgende spiere aangetref word. Gee elke keer net een woord as antwoord.
- 2.3.1 die vinnigste spier
- 2.3.2 die grootste spier
- 2.3.3 die sterkste spier
- 2.3.4 die kleinste spier (4)
- 2.4 Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**? Haal elke keer paslike woorde aan om jou antwoord te bewys.
- 2.4.1 Haarvate word so genoem omdat dit so dik soos menslike hare is. (2)
- 2.4.2 'n Mens het aktiewe spiere aan jou kop wat jou ore laat beweeg. (2)
- [10]



VRAAG 3 VISUELE TEKS

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.



[Uit: Beeld, 3 Julie 2007]

- 3.1
- 3.1.1 Hoe reageer die pa op sy seun se aankondiging? Sê in een volsin. (1)
- 3.1.2 Aan watter twee reaksies van die ma kan 'n mens sien dat sy ook nie die aankondiging verwag het nie? (2)
- 3.2 Wat was die ma besig om te doen toe die kinders ingekom het? (1)
- 3.3 Waarom, dink jy, is die ouers so geskok? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 3.4 Wat is **ironies** aan die gestreepte kat se woorde aan die katjie? (1)
- 3.5 Volgens die koerant en die kat is 'n mens nou op agttien selfversorgend en mag jy sonder toestemming trou. Wat was die ouderdom vroeër? Die antwoord verskyn iewers op die prentjie. (1)
- 3.6 Die seun knyp 'n bos blomme onder sy een arm vas.
- 3.6.1 Vir wie, dink jy, is die blomme? (1)
- 3.6.2 Hoekom dink jy so? (1)
- 3.7 "As jy agttien word, moet jy vir jouself sorg." Dit lyk nie of Annatjie en haar bruidegom vir hulself sal kan sorg nie. Hoekom nie? (1)

[10]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

Lees die volgende wenke deur oor hoe om krag in jou badkamer te bespaar. Skryf dan **7 punte** neer waarin jy die belangrikste wenke opsom.

- Nommer jou wenke puntsgewys van 1 tot 7.
- Jou lysie moet 100 woorde lank wees.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou wenke neer.
- Skryf jou lys wenke in jou eie sinne.
- Moenie meer as een sin oor elke wenk skryf nie.
- Skryf jou lysie in volsinne.

BESPAAR SÓ KRAG IN DIE BADKAMER

Aan die begin van hierdie jaar is ons land deur baie kragonderbrekings en beurtkrag getref. Almal het probleme ondervind, maar almal het uiteindelik ingespring om te help om krag te bespaar.

In *Huisgenoot* van 14 Februarie het 'n artikel verskyn waarin lesers idees kan kry oor hoe hulle op verskillende plekke in die huis elektrisiteit kan bespaar. Die badkamer is onder andere een so 'n plek waar jy elektrisiteit kan bespaar.

'n Mens gebruik elektrisiteit om 'n elektriese tandeborsel te herlaai. Koop eerder een wat met batterye werk, of gaan terug na die outydse soort tandeborsels toe.

Jy hoef nie altyd 'n bad vol water te tap of onder 'n stort in te spring nie. Dit is net so higiënies om 'n vinnige sponsbad by die klein wasbakkie of in die stort in jou badkamer te neem.

Die Kapenaars het reeds in 2006 begin met groot besparings op elektrisiteit. Daar is 130 000 geiser-kombers in die Kaapse metropool geïnstalleer. Jy kan 'n geiserkombers by enige hardewarewinkel of by <pregare.com> bestel. So 'n geiserkombers kan tot 'n besparing van 22% lei!

Die Turke gebruik al dekades lank hul eie sonwaterverhitter om warm water sonder elektrisiteit te verkry. Enige mens kan só 'n sonwaterverhitter self bou en installeer. Jy koppel net 'n lang stuk swart besproeiingspyp aan 'n houtkas onder glas en laat die son dit warm bak gedurende die dag. Anders kan jy 'n sonwaterverwarmer laat installeer wat met fotoselle werk. Só kan jy tot 40 persent op jou kragrekening spaar! Boonop beoog Eskom 'n subsidie op die installering van hierdie verwarmers. (Hoop hulle subsidies gaan darem werk!)

Op baie plase, en selfs by die Bulungula Lodge naby Koffiebaai, gebruik hulle nog die sogenaamde "donkie" waarin water met paraffien of met 'n houtvuur warm gemaak kan word. Hierdie manier van waterverwarming is natuurlik baie gewild onder die sogenaamde "groenes". Een stort kos dan 'n skamele 40 sent.

Almal van ons het egter nie groot badkamers met genoeg spasie vir baddens en storte nie. As jou huis net 'n bad in die badkamer het en jou gesin is redelik groot, kan jy gerus leer om in 'n bietjie minder water te bad. Ons word ook nie elke dag so vuil nie, so deel gerus badwater of bad sommer saam!

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 14 Februarie 2008]

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5****Vorbereide gedig****ALLERLIEFSTE, EK STUUR VIR JOU 'n ROOIBORSDUIF –
Breyten Breytenbach**

- 1 Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif
 2 want niemand sal 'n boodskap wat rooi is skiet nie.
 3 Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug en ek
 4 weet al die jagters sal dink dis die son.
 5 Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder
 6 en waar hy vlieg daar skitter oseane
 7 en bome word groen
 8 en hy kleur my boodskap so bruin oor jou vel.
- 9 Want my liefde reis met jou mee,
 10 my liefde moet soos 'n engel by jou bly,
 11 soos vlerke, wit soos 'n engel.
 12 Jy moet van my liefde bly weet
 13 soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie.

A**B****Onvorbereide gedig****KONTAK – Theo de Jager**

- 1 Ek kon jou met 'n selfoon bel
 2 om te sê dat ek jou baie mis,
 3 maar die kaart was gekrap, die batterye pap
 4 en die boodskap het in die niet verdamp.
- 5 Ek het vir jou 'n brief geskryf
 6 en my hart se hoeke daarin uitgewas
 7 maar my pen was krom, my vingers te dom
 8 om die woorde in die koevert te pas.
- 9 Toe het ek maar 'n duif gestuur
 10 sonder skrif of klank, en nou wag ek,
 11 hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
 12 met 'n takkie blare in sy bek.

- 5.1 Alhoewel die titels van hierdie twee gedigte heeltemal verskil, is daar tog 'n sentrale idee / gedagte in die titels. Sê in jou eie woorde wat hierdie sentrale tema is. (1)
- 5.2 Lees die eerste reël van elke gedig. Watter verskil is daar in die twee sprekers se pogings om kontak met die mense vir wie hulle lief is, te maak? (2)

- 5.3
- 5.3.1 Waarom is die spreker in die eerste gedig **seker** dat sy boodskap by sy geliefde sal uitkom? (1)
- 5.3.2 Waarom, volgens strofe 1 van die tweede gedig, sou die boodskap **nie** by die spreker se geliefde uitkom nie? Gee 'n goeie rede. (1)
- 5.3.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die spreker in die tweede gedig bedoel wanneer hy sê dat sy boodskap "in die niet verdamp". (reël 4) (1)
- 5.4 Die boodskap in die eerste gedig "verdamp" nie ook in die niet nie, maar het eerder 'n positiewe effek op alles rondom dit.
- 5.4.1 Watter twee dinge het die spreker se boodskap met die natuur laat gebeur? (2)
- 5.4.2 Om watter twee redes kom die spreker in die tweede gedig se brief (volgens strofe 2) nie by sy geliefde uit nie? Sê kortliks in jou eie woorde. (2)
- 5.5
- 5.5.1 Lees reël 12 van die eerste gedig. Wat is die hoofgedagte van hierdie brief se inhoud? Sê in **een** sin (1)
- 5.5.2 Lees reël 6 van die tweede gedig. Wat dink jy was die hoofgedagte van die inhoud van hierdie brief? Sê in **een** sin. (1)
- 5.6 Kyk na die prentjies tussen die twee gedigte.
- 5.6.1 Haal 'n versreël aan wat by A pas. (1)
- 5.6.2 Haal 'n versreël aan wat by B pas. (1)
- 5.7 Die spreker in die eerste gedig wil hê dat die duif die boodskap by sy geliefde moet aflewer.
- 5.7.1 Wat wil die spreker in die tweede gedig hê moet die duif doen? (1)
- 5.7.2 Waarom, dink jy, wil hy hê dat die duif dit moet doen? (1)
- 5.8
- 5.8.1 Haal 'n voorbeeld van 'n **vergelyking** uit die eerste gedig aan. (1)
- 5.8.2 Haal 'n voorbeeld van **personifikasie** uit die tweede gedig aan. (1)
- 5.9 Wat dui die woord "want" in strofe 2 van die eerste gedig aan? Kies jou antwoord uit die volgende moontlike antwoorde:
- A Die spreker het van gedagte verander.
- B Hy verduidelik hoekom hy 'n duif gebruik om die boodskap af te lewer.
- C Die duif verander nou in 'n engel.
- D Die duif bring nie die boodskap by die geliefde uit nie. (1)
- 5.10 Watter woord in die tweede gedig dui aan dat die spreker uiteindelik besluit het wat hy gaan doen? (1)

[20]

VRAAG 6**Voorbereide gedig****VERSAGTENDE OMSTANDIGHEDE – Peter Snyders**

- 1 Oe Here, ek hoor dis soe wonnerlik
2 in die hiemel,
3 maa Here, vergiewe,
4 die hiemel issie my soort liewe,
5 ek hou van sing en harpmusiek
6 maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg.
- 7 En Here, dit sal hel vi my wies
8 om met niksdoen myself elke dag te vervies:
9 en sover dit die goudstrate
10 en pearly gates betref,
11 wat baat dit?
12 Klip en teer is veels meer werd.
- 13 Maa Here, hou my baas asseblief tog daa
14 want waa hy nie kan exploit nie
15 is hy tog te naar;
16 en hou hom dop want sonner om te aarsel
17 sal hy stilletjies, agteraf, die engeltjies martel.
- 18 Ja, Here ekket my foutjies oek
19 en waar ammil perfek is
20 sal ek heeldag vloek,
21 want volle perfection en contentment
22 sal my torture tot binne-in my fonnement.
- 23 En dan boenop hoor ek
24 seks is yt –
25 soe stuur my aire hel toe
26 of waar ek my talent kan gebryk.
27 En as ek te goed is
28 om gebraai te word
29 laat my liefste trug kom, Lord
- 30 as kunstenaar na 'n land
31 in 'n historiese tyd –
32 soes Suid-Afrika,
33 waar ek kan tee
34 op 'n tesamebeleid.
- 35 En tussen die revolutions
36 (hou my aanie underdog se kant)
37 Sorg dat ek by Florrie
38 (vroeër mevrou Soetwater)
39 voorit te laat is, beland
- 40 Laat my dan maar liefster hier
41 oppie aarde ly
42 as om vir iewag in u
43 grafstienhiemel te bly.

- 6.1 Lees die hele gedig. Wat sal skynbaar 'n vreeslike groot straf vir die spreker wees? Sê in een volsin. (1)
- 6.2 Die spreker sê dat hy "lugsiek" sal word as hy hemel toe moet gaan. Watter verkeerde indruk het hy dus? (1)
- 6.3 Verduidelik die voorbeeld van 'n **paradoks** in reël 7. (1)
- 6.4 Watter dinge in die hemel sal vir die spreker ...
- 6.4.1 onprakties wees? (1)
- 6.4.2 waarskynlik in die moeilikheid laat beland? (1)
- 6.4.3 as man baie frustrerend wees? (1)
- 6.5
- 6.5.1 Gee een goeie rede hoekom ons kan sê dat die spreker 'n kleurlingman is. (1)
- 6.5.2 Na watter **historiese tyd** verwys die spreker moontlik in reël 31? (1)
- 6.6 Ons lees dat Florrie **vroeër mevrou Soetwater** was. Gee 'n moontlike rede waarom sy nie meer mevrou Soetwater is nie. (1)
- 6.7 Waarom, dink jy, noem die spreker die hemel 'n **grafstienhiemel** aan die einde van die gedig? (1)
- [10]**

30 punte


AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 7 SINSTRUKTURE


Bestudeer die volgende strokiesprent. Kyk dan na die sinne wat die strokie interpreteer. Skryf dan die daaropvolgende sinne oor soos aangedui.



Jeremy se vriendin vertel vir hom 'n grap en hulle lag heerlik daaroor.




Sy vertel vir hom 'n groot geheim en hy moet belowe om vir niemand daarvan te vertel nie.




Sy beskuldig hom daarvan dat hy nie simpatie met haar probleme het nie.



Hy probeer verskoning vra, maar sy wil nie na sy redes luister nie.



Hulle beskuldig mekaar oor en weer van dinge en sê mekaar die hele tyd sleg.



Sy bars in trane uit as sy die situasie nie langer kan verduur nie.



Hy gee vir haar 'n papiermannelietjie en – vroultjie wat hy vroeër as soenoffer gemaak het.



Sy dink dis nogal oulik en vergewe hom; sy gee hom 'n drukkie om te wys dat sy nie meer kwaad is nie.



Sy stuur vir hom 'n soentjie wanneer hulle by hul volgende klas aankom.



Hy voel emosioneel heeltemal uitgeput wanneer hy langs sy vriend gaan sit.

[Uit: Rapport, 28 Augustus 2005]

- 7.1 Dollie vra vir Jeremy: "Is dit nie die snaaksste grappie wat jy al gehoor het nie?"
Dollie vra vir Jeremy of ... (1)
- 7.2 Sy vertel vir hom 'n geheim en hy moet belowe om vir niemand daarvan te vertel nie.
Sy beplan om ... en hy moet belowe om vir niemand daarvan te vertel nie. (1)
- 7.3 Sy beskuldig hom dat hy nie simpatie met haar probleme het nie.
Sy skree: " ... !" (1)
- 7.4 Hy probeer verskoning vra, maar sy wil nie na sy redes luister nie.
7.4.1 Hy probeer verskoning vra, nietemin ... (1)
7.4.2 Sy wil nie na sy redes luister nie alhoewel ... (1)
- 7.5 Dollie wil weet: "Het jy al ooit iets leliks van my gesê?"
Jeremy antwoord: "Nee, ek ..." (1)
- 7.6 Sy bars in trane uit as sy die situasie nie langer kan verduur nie.
Twee minute gelede ... (2)
- 7.7 Die papiermannetjie en -vroutjie is nogal oulik. Jeremy gee dit vir Dollie.
Die papiermannetjie en -vroutjie wat ... (1)
- 7.8 Sy vergewe hom en gee hom 'n drukkie.
Hy ... en sy gee hom 'n drukkie. (1)
- 7.9 Sy stuur vir hom 'n soentjie wanneer hulle by die volgende klas aankom.
Sy behoort ... (1)
- 7.10 Hy was heeltemal uitgeput toe hy langs sy vriend gaan sit het.
Hy is nou heeltemal uitgeput ... (1)

[12]

VRAAG 8 **WOORDSTRUKTURE**

Lees die volgende paragraaf wat ook op die strokiesprent *Zits* gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf dan net die nommer en die korrekte antwoord neer.

Jeremy en Dollie het net 'n vier minute pouse tussen **8.1** (**periode / periodes** – kies die korrekte woord). Eers gaan alles goed, maar dan begin hulle met mekaar **8.2** (**argument** – gee die korrekte vorm van die woord). Jeremy het gesê dat hy al 'n **8.3** (**snaaks** – gee die vergrotende trap) grap as Dollie s'n gehoor het. Nou is Dollie **8.4** (**baie kwaad** – gee die intensiewe vorm). Sy draai haar rug **8.5** (**vir / teen / op** – kies die korrekte voorsetsel) Jeremy. Dit lyk asof Dollie 'n **8.6** (**gebreek** – gee die korrekte vorm van die woord) hart het, want sy begin **8.7** (**onophoudelik** – sinoniem) huil. Jeremy **8.8** (**draai / dra** – kies die korrekte woord) 'n langmouhemp, maar Dollie het **8.9** (**somer + klere** – verbind tot een woord) aan. Dollie het nog steeds 'n baie **8.10** (**aggressief** – gee die korrekte vorm van die woord) houding, maar Jeremy swyg soos die **8.11** (**dood / graf / nag** – kies die korrekte woord om die uitdrukking te voltooi). Hy het aan 'n klein **8.12** (**plan** – gee die verkleiningsvorm) gedink om Dollie se hart weer sag te maak: hy het 'n papiermannetjie en – vrotjie **8.13** (**m.b.v.** – skryf die afkorting voluit) 'n skêr uitgeknipt toe hy die vorige nag om **8.14** (**12.30** – skryf die woord) **8.15** (**voormiddag** – gee die afkorting) nog wakker gelê het! Uiteindelik maak hulle weer vrede. Jeremy verseker Dollie dat hy niemand anders in sy **8.16** (**liefde / lyf / lewe** – kies die korrekte woord) wil hê nie.

[16 ÷ 2 = 8]

VRAAG 9 **KOMMUNIKASIE-SITUASIES**

9.1 Die man en vrou sit in 'n deftige restaurant. Die man het so pas vir die vrou vertel dat hulle nie meer op 'n oorsese vakansie gaan nie.

Die vrou is baie ontsteld oor die nuus. Eers **kan sy dit nie glo nie**, dan voel sy **verbitterd** en **hartseer**. In die laaste sin **dreig** sy haar man.

Skryf vier sinne van 8 – 10 woorde elk neer van wat sy vir haar man sê:


- 9.1.1 Ongeloof
- 9.1.2 Bitterheid
- 9.1.3 Hartseer
- 9.1.4 Dreigement



[Uit: *Sunday Times Lifestyle*, 5 Februarie 2006]

(6)

- 9.2 Bestudeer die volgende spotprent. Kyk na die koerantopskrif, maar ook na die dinge wat in die agtergrond van die prentjie gebeur. Skryf nou twee sinne neer wat die pratende bobbejaan sal sê om te motiveer hoekom hy nie menseregte wil hê nie.



[Uit: Beeld, 29 Maart 2007]

(4)
[10]

30 punte

Totaal: 100 punte